HOËRSKOOL RANDBURG

AKADEMIE • SPORT • KULTUUR

Algemene Oueromsendbrief No 21 van 2020

Geagte ouers/voogde.

Insake: Vakature op die Beheerliggaam van Hoërskool Randburg.

Met die uittrede van mev. Ida Mac Donnell aan die einde van 2019 was daar ’n vakature op die BL wat gevul moes word. In die aanloop tot haar gedwonge uittrede (laaste kind in gr 12 in 2019) het ons reeds tydens 2019 vir mnr. Kenneth Collin gekoöpteer, om by mev. Mac Donnell oor te neem as die finansiële bestuurder van ons BL.

Mnr. Collin hanteer dus nou reeds vanaf verlede jaar ons skool se finansies en het sopas ’n suksesvolle en skoon oudit deurgeloop.

Om die vakature te vul, moet ons ’n tussentydse verkiesing hou wat natuurlik onmoontlik is binne die bepalinge van die huidige en vorige inperkingsvlakke.

Ons wil graag ons BL behoorlik konstitueer met ’n voltal stemgeregtigde ouerlede.

Vanuit daardie perspektief versoek ons dat beide ouers die volgende skakel https://bit.ly/3eqBWRb sal volg en dan die *Google Form* voltooi wat ons as formele stemming sou wou notuleer. Help ons deur dit gou te doen – 2 minute. Ons glo ons sal ’n kworum van ouers hê wat positief op ons versoek reageer.

Stemming sluit Vrydag 17 Julie 2020 om 12:00.

Byvoorbaat baie dankie.

P. Booysen: namens die BL.

TEL : (011) 782 6226/7 • FAKS : 0866 715 203 • MALIBONGWE RYLAAN • POSBUS 77252 FONTAINEBLEAU 2032
E-POS : hsrandb@global.co.za • WEBWERF : www.hsrandburg.co.za